ALGEMENE KENNISGEWING 203 VAN 2022

CE27 & 28/2022
A9354 & A9355

SOL PLAATJE MUNICIPALITY / MUNISIPALITEIT

VOORGESTELDE NOTARIËLE OPHEFFING VAN BEPERKENDE TITEL VOORWAARDES, HERSONERING EN VERSLAPPING VAN BOULYNE T.O.V. ERF 1029 KIMBERLEY, LAWSONSTRAAT 84, LABRAM.

KENNIS geskied hiermee dat die Sol Plaatje Munisipaliteit 'n aansoek ontvang het vir Erf 1029 Kimberley, vanaf "Relics Town Planners (PTY) Ltd" verteenwoordig deur N Mathiela ingevolge die Sol Plaatje Munisipale Grondgebruikbestuurs Verordeninge 2015 Artikels 4(2)(a)(viii), 4(2)(a)(iii), 4(2)(b)(v) tesame met Artikels 6 en 20, saamgelees met die Wet op Ruimtelike Beplanning en Grondgebruiksbestuur(Wet 16 van 2013) vir die:

- Voorgestelde Notariële Opheffing van Beperkende Titel voorwaardes naamlik: Afdeling C (1-2) soos beskryf in Titel Akte T100/2019;
- Voorgestelde Hersonering van Erf 1029 Kimberley vanaf **"Residensieel 1"** na **"Sake 3"** ten einde kantore te ontwikkel;
- Voorgestelde Verslapping van die sy en agterboulyne vanaf 2m na 0m;

Besonderhede aangaande hierdie aansoek is gedurende kantoor ure verkrygbaar vanaf Argief Kantoor, 053 830 6671, by die Stedelike Beplanningsafdeling, Direktoraat van die Uitvoerende Direkteur: Strategie, Ekonomiese Ontwikkeling en Beplanning, Tweede Vloer, Ou Gebou, Stadskantore,Sol Plaatje Rylaan te Kimberley.
Besware, indien enige, teen die voorstel moet skriftelik tesame met redes daarvoor by die bogenoemde ingedien word voor of op **DINSDAG, 10 MEI 2022.**
Persone wat nie kan lees of skryf nie kan gedurende kantoorure na Sol Plaatje Munisipaliteit kom waar die betrokke amptenaar aan die persone hulp sal verleen insake hulle besware, kommentare en vertoe.